UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
UNIVERSITY OF THE FREE STATE
YUNIVESITHI YA FREISTATA

Kantoor van die Rektor en Visekanselier
Office of the Rector and Vice-Chancellor

Geagte Skoolhoof

26 Maart 2010

Uitnodiging: Kovsie Opedag, 1 Mei 2010

By die Universiteit van die Vrystaat (UV) weet ons hoe belangrik u die toekoms van u leerders ag. U leer hulle, lei hulle en inspireer hulle. Dit is nou die tyd om die verantwoordelikheid na hoër onderwys toe oor te dra. Maar, aan wie kan u hulle toekoms toevertrou?

Die Kovsie Opedag vind op **Saterdag, 1 Mei 2010** plaas. Die Opedag bied aan voornemende studente en hulle ouers die geleentheid om te kom kennis maak met die kenmerkende gehalte wat ons aan studente bied terwyl hulle vir werk en vir die lewe voorberei. Dit stel ook ons toekomstige studente in staat om inligting te bekom wat hul sal help om op loopbaan- of studierigtings te besluit.

Vanjaar het heelwat van die top-matrikulante van 2009 besluit om hul akademiese loopbane by Kovsies te begin. Studente soos Portia Lehasa, voormalige hoofmeisie van Eunice High School, wat vyf onderskeidings behaal het. Portia studeer vir 'n B. Rek.-graad en woon in Huis Roosmaryn. Of studente soos Meyer Joubert, voormalige hoofseun van die Hoërskool Ferdinand Postma in Potchefstroom, wat sewe onderskeidings behaal het. Hy is 'n eerstejaar mediese student en woon in Huis Abraham Fischer.

Met sulke eersteklas-, diverse en dinamiese studente in ons eerstejaarsgroep wat voorloop, hoe kan Kovsies nie die plek vir u leerders wees nie? Bring hulle Kovsies toe, waar hulle hulself kan kom onderskei.

Die Kovsie Opedag vind in die **Callie Human-sentrum op die Hoofkampus van die UV in Bloemfontein op Saterdag, 1 Mei 2010** plaas. Die Amptelike Opening sal om 09:00 plaasvind met 'n verwelkoming deur die Rektor, gevolg deur bekendstellings van die onderskeie dekane van fakulteite. Die President van ons Studenteraad (SR), Moses Masitha, en die Dekaan van Studentesake, Rudi Buys, sal ook aan voornemende studente en ouers van die universiteit voorgestel word.

Om 11:00 sal voornemende studente en hulle ouers die universiteit se onderskeie fakulteite en hul geriewe besoek. Ons studente en koshuise sal ook 'n opwindende program voor die Hoofgebou aanbied.

Vir meer inligting oor ons Opedag, skakel asseblief 051 401 3000.

Ons sien daarna uit om leerders van u skool op die pragtige kampus van die Universiteit van die Vrystaat te verwelkom.

Vriendelike groete

Prof. Jonathan Jansen
Rektor en Visekanselier
Universiteit van die Vrystaat

UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
UNIVERSITY OF THE FREE STATE
YUNIVESITHI YA FREISTATA

Kantoor van die Rektor en Visekanselier
Office of the Rector and Vice-Chancellor

Dear Principal

26 March 2010

Invitation: Kovsie Open Day, 1 May 2010

At the University of the Free State (UFS) we know how important you regard the future of your learners. You teach them, lead them, and inspire them. It is now time to pass on the baton to higher education. But, to whom can you entrust their futures?

The Kovsie Open Day takes place on **Saturday, 1 May 2010**. The Open Day provides prospective students and their parents with the opportunity to come and sample the distinctive quality we offer students as they prepare for work and for life. It also allows our future students to seek out information to help them decide on study directions and careers.

This year several of the top matriculants of 2009 chose to start their academic careers at Kovsies. Students like Portia Lehasa, former head girl of Eunice High School, who obtained five distinctions. Portia studies towards the B. Acc. degree and resides in Roosmaryn Residence. Or students like Meyer Joubert, former head boy of Ferdinand Postma Secondary School in Potchefstroom, who obtained seven distinctions. He is a first-year medical student and resides in Abraham Fischer Residence.

With such classy, diverse and dynamic students in our first-year intake leading the way, how could Kovsies not be the place for your learners? Bring them to Kovsies, where they can come and distinguish themselves.

The Kovsie Open Day takes place in the **Callie Human Centre on the Main Campus of the UFS in Bloemfontein on Saturday, 1 May 2010**. The Official Opening will start at 09:00 with a welcoming address by the Rector, followed by introductions of the various deans of faculties. The President of our Student Representative Council (SRC), Moses Masitha, and the Dean of Student Affairs, Rudi Buys, will also be introduced to prospective students and parents of the university.

At 11:00 prospective students and their parents will be visiting the university's respective faculties and their facilities. Our students and residences will also present an exciting programme in front of the Main Building.

For more information about our Open Day, please call 051 401 3000.

We look forward to welcoming the learners from your school on the beautiful campus of the University of the Free State.

Kind regards

Prof. Jonathan Jansen
Rector and Vice-Chancellor
University of the Free State